Beste Oud Dellie,

Graag wil ons die volgende belangrike inligting met jou deel.

100 Jaar Fees Program:

27 Augustus 2010 - Kuier saam by die skool. Elkeen bring eie Piekniek mandjie en drinkgoed Daar gaan gekyk word na foto's van toeka tot nou. Stuur asb jou foto's na info@delmasmall.co.za

28 Augustus 2010 - Jakkals en Leo (Jakkie Louw en Kevin Leo) tree op saam met Flip a Coin. Kostes en tye sal later bekend gemaak word. Inligting sal by die skool of

op die skool se webblad beskikbaar wees. (013) 665 2076 / www.laerskooldelmas.co.za

(Let ook daarop dat NG Delmas Wes hul jaarlikse lofoffer fees op die dag hou. Gaan kuier lekker en geniet 'n plattelandse basaar met pannekoek en Kerrie &rys en nog hope ander lekkernye!)

29 Augustus 2010 - Massa Erediens in die Agri Saal ter afsluiting van die feesvieringe. Diens sal waargeneem word deur oud skoliere wat in die bediending is.

Daar word ook 2 Revue aande gereël vir later in die jaar. Hierdie inligting sal ook spoedig bekend gemaak word.

…2/

Eeufeesjoernaal:



'n 100jaar Gedenk Eeufeesjoernaal sal tydens die feesnaweek in Augustus bekend gestel word. Hierdie Eeufeesjoernaal sal die afgelope 100jaar se geskiedenis bevat. Die Eeufeesjoernaal sal dus nie 'n jaarblad wees nie. Die Eeufeesjoernaal gaan baie besonders wees en uit 100 bladsye bestaan.

Om hierdie Eeufees joernaal op die been te bring is 'n groot finansiële uitgawe vir die skool en maak ons staat op oud leerlinge om solank bestellings te plaas. Die koste van die Eeufeesjoernaal sal R120.00 beloop. Indien ons die joernaal moet pos sal 'n ekstra R15.00 gehef word. ***(As jy self jou Eeufeesjoernaal wil afhaal sal ons jou kontak en laat weet om dit by die skool af te haal)***

(Kyk gerus na ons lusmakertjie van die Eeufeesjoernaal aangeheg op hierdie e-pos.)

Daar sal ook 50 spesiaal genommerde uitgawes wat in 'n leeromslag gedruk word beskikbaar wees. Hierdie uitgawes sal vir omtrent R400 stuk verkoop word en as 'n pragtige koffie tafel boek dien.

Voorafbestellings vir die Eeufeesjoernaal kan nou geplaas word by:

info@delmasmall.co.za of faks aan 0866 968 641 (Sien onderstaande bestelvorm)

Faks of e-pos bewys van betaling aan 0866 968 641 / info@delmasmall.co.za

Let asb dat geen Eeufeesjoernale bestel sal word sonder bewys van betaling nie!

…3/

Bankbesonderhede:

Laerskool Delmas

ABSA – Delmas / Takkode : 334244

Rek nr.: 850750017

Verw: Naam & Van/Eeufeesjoernaal

Bestel vorm:			
Naam & Van:	**Kontak nommer:**	**Posadres:**	**Pos @ R135 of** **Self afhaal @ R120**

Vir enige verdere navrae tov die Feesnaweek of die Eeufeesjoernaal kontak Ria vd Hoff by 0829284317 (e-pos: info@delmasmall.co.za) of Laerskool Delmas by (013) 665 2076

Indien jy as oudskolier wil bydrae tot die Eeufeesjoernaal as 'n borg wat bekend sal staan as "Vriende van Laerskool Delmas" sal dit wonderlik wees. Hierdie inligting verskyn dan ook in die Eeufeesjoernaal.

Bydraes van minimum R100 of meer kan ook aan bostaande Bankbesonderhede gemaak word met

Verw : Naam en Van / "Vriende van L/S Delmas"

Daar word baie hard gewerk om 'n puik fees te reël, daarom hoop ons om soveel moontlik oud leerlinge by die feesnaweek in Augustus te sien.

Indien jy akkomodasie benodig besoek gerus www.delmasmall.co.za vir meer inligting.

Hoop om sommer gou van jou te hoor en dat jy die Feesnaweek sal kan bywoon!

Vriendelike groete

Almal hier by Laerskool Delmas!!